Een uur voordat die dienste by Nawanende moes begin, was ons nog tien myl daarvandaan, en die vraag was of ons nog betyds daar sou aankom. Partykeer het ons gedink dat dit moontlik was, en dan weer dat ons laat sou wees. Meteens het die kar sommer gaan staan, en het ons ons in 'n modderpoel bevind. Almal moes maar uitspring en aan die werk spring, en twee uur lank het ons daar gestoot en gelig terwyl die vlieë ons gebyt het tot die bloed loop. Ons was baie moeg en vuil toe ons eindelijk laat vir die openingsdiens by die kampplek aangekom het. Ek wens dat u my na so 'n kampvergadering in Midde-Afrika kon

vergesel. Ons woon almal in grashuises wat die natuurlike vir ons gemaak het. Die dienste word in 'n grasomheining onder die bome gehou. Die duisende kampers wat van heinde en ver kom, woon ook in tydelike grashutte. Hierdie vergaderings is ware kampvergaderings. Dit is 'n wonderwerk van God dat die harte van die mense aangeroor word deur „die dwaasheid van die prediking” wat gewoonlik deur twee en dikwels deur drie tolke moet geskied. Ek sal Nawanende lank onthou. Dit was 'n groot fees. Nadat ons hulle gegroet en daar weggeroep het, het honderde van hulle langs die pad gestaan en ons *Wê Rabba* (vaarwel) toegeroep.

Op weg na die volgende kampvergadering het ons by Kakora Sendingstasie aangegaan waar Broeder Clark toesig het, en daarna het ons, nadat ons die ewenaar oorgesteek het, by Kisumu aangekom waar die hoofkantoor van die Oos-Afrikaanse Uniesendingveld is. Daar het ons Mev. H. M. Sparrow, Mej. Y. D. Staples en Broeder W. N. Andrews en sy gesin ontmoet. Ons het ook 'n paar uur op die Gendia Sendingstasie verhoef by Broeder D. K. Short, die direkteur, en by Broeder R. L. Wangerin, die bestuurder van die Adventpers, en hulle gesinne. By Kendu het ons Dr. D. H. Abbott en sy gesin gesien. Iemand het Gendia Sendingstasie en Kendu Hospitaal by Battle Creek vergelyk. Die twee stasies is in die digste bewoonde streek van Kenia en het groot invloed by die Luo en Kisii stamme.

By Nyanchwa Sendingstasie het ons Mej. Jessie Hawman alleen aangetref. Sy neem tyd en wyl die leiding tot Leraar K. G. Webster van Suji daar aankom om oor te neem. Ons het ook 'n kort rukkie by Kamagambo Opleidingskool aangegaan en Leraar V. E. Robinson en sy gesin en Broeder en Suster R. Pearson daar ontmoet. Daarvandaan het ons na die nuwe sendingstasie, Ranen, gegaan en Broeder en Suster T. Duke en hulle moeder besoek. Hulle is hard besig om daar 'n nuwe sendingstasie op te bou. Daarna het ons die grens oorgesteek na Tanganjeka en by Utimbaru aangekom, waar die volgende kampvergadering onder die Wakuria stamme gehou moes word. Leraar F. B. Wells en sy eggenote gee goeie leiding in die afwesigheid van die direkteur, Leraar F. G. Read. Daardie eienaardige inboorlinge vyl hulle voortande skerp, verrek hulle oorlelle tot hulle van ses tot agt duim lank is en hulle bind hulle arms bokant die elmboog met koperdraad vas tot die spiere op pynlike wyse daarvoor uitstaan. Vyftienhonderd van hulle het vergader om die Here aan te roep. Die verrigtings is daardie Sabbatagtermiddag met die doop van veertig persone afgesluit.

Daarvandaan is ons die glooiing af na die groot vallei om na die volgende kampvergadering aan te druk. Op weg daarheen het ons by die hoofkantoor van die Tanganjeka Sendingveld naby Musoma aangegaan en Broeder Robson, die Sekretaris-Tesourier, en sy eggenote ontmoet. Voordat ons na die volgende kampvergadering gegaan het, het Leraar Robson ons na die Ikizu Opleidingskool geneem. Die Principaal, Broeder F. E. Schlehber, en sy eggenote en Broeder en Suster R. Lindup het ons daar van harte verwelkom. Ons het baie belanggestel in die vakopleiding wat die leerlinge daar ontvang n.l. houtwerk, klere maak, skoene maak en drukwerk. Leraar Sparrow het my daaraan

herinner dat 'n suster in die N. T. Konferensie die klein drukpersie aan hulle gegee het. Daardie persie het reeds meer as 'n halfmiljoen traktate afgedruk. Orals is sangbundels vir kampvergaderings wat ook daar gedruk is. Ons sal in die hiernamaals eers uitvind wat dit alles verrig het. Ons het ook Tanganjeka se wildduif op die Serengetivlaktes gaan besoek en dit baie geniet. Toe het ons maar weer aangestryk na die volgende kampvergadering toe. Ons moes sewentig myl ver ry oor die swakste pad wat dit nog ooit my lot was om op te ry. Aan die einde van die reis het ek Leraar Sparrow jammer gekry; hy was vol stof, vuil en moeg. Dit was asof hy my gedagtes kon lees, want hy het gesê: „Ek is jammer dat ons ons besoekers so moet behandel, maar dit is een van ons moeilikste reise.” Maar nadat ons gebed het, was ons gereed vir die eerste diens by Majita. Daar was meer as 'n duisend persone in die kerk bymekaar. Die Superintendent, Leraar L. D. Brown, het hulle toegesprek. Dit was dieselfde Leraar Brown wat onlangs so 'n noue ontleding gehad het toe die passasierswa waarin hy gereis het van die spoor af geraak het terwyl hy daaruit was. Al sy baggasie is daarmee heen. Toe ek later daar verby is, het ek die toneel met afsku beskou. Dit was 'n vreeslike tragedie. Elf blankes en veertig natuurlike het daar omgekom en kos geword vir die krokodille. Dit was asof 'n stem met my gepraat het: „Wat is die mens?” „Daarom moet julle ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom in 'n uur dat julle dit nie verwag nie.”

Majita, in Tanganjeka, is aan die oostelike oevers van Victoria-meer op 'n skiereiland wat ver in die meer ingaan. Rondom is omtrent vierhonderd eilandjies waarvan ongeveer die helfte bewoon word. Talle van diegene wat die vergadering bygewoon het, het van die eilande gekom.

Op die Sabbatoggend het 'n paar duisend siele onder die ou „laksmansboom” vergader. In ander dae toe die die Masai-stamme kom beeste steel het, is diegene wat vang is, aan daardie ou boom opgehang. Somtyds was daar tot ses of sewe slagoffers tegelyk aan die boom, 'n waarskuwing vir voornemende dieve. Maar hoe anders is dit nou. Daardie oggend het drieduisend siele hulle harte aan die Here gegee. Ons het gesing: „God sy met u tot ons weer ontmoet,” en nog 'n groot kampvergadering was op 'n end.

Teen sonop die volgende oggend het ons weer gegroet. Langs die pad het ons vir myle ver by groepies inboorlinge verbygegaan. Elkeen het 'n groot vrag goed gedra—sy kamp-toerusting. Almal was op weg terug na hulle wonings ná die groot fees. Almal het ons *Kwa Herri* (Gods seën) toegewuif. Dit alles het ons laat voel dat dit die moeite werd is en dat geen offerering te groot is nie. Daar was meer slegte paaie, reent, modder en 'n motorkar wat gly tot ons eindelijk met seer liggeme ten noorde van die ewenaar in Kenia by Maleira uitgekom het. Maar ongunstige weer kan selfs onder die inboorlinge nie die Adventgees verstomp nie. Die Sabbat het helder aangebreek, en daar was 'n rekord opkoms. Al die aanwesiges het uitgesien na 'n groot seën ná die ongunstige weer. Tydens die oproep tot toewyding het Broeder K. J. Berry en sy eggenote 'n lied gesind. Daarna het die gehoor opgestaan terwyl Leraar D. K. Short

'n gebed gedoen het. Die Heilige Gees was werksaam onder ons, en ons het groot seëninge ondervind. Daar was 1,088 persone aanwesig, en hulle het 1,007 sielings vir hulle kampvergaderingoffergawe gegee. Maar daardie agtermiddag het dit weer gereent, en daar was geen verderê dienste nie. Ons het die kampers weer langs die pad gesien, en al was hulle almal nat gereent, kon hulle ons nog 'n vriendelike vaarwel toewuif.

In Kenia is daar groot belangstelling onder die boere vir wie Leraar W. Marais werk. In Kitale en in Eldoret word dienste gehou, en die opkoms is goed ten spyte van die reent. Ons voel dat daar 'n groot werk is wat onder die blanke bewoners van Kenia gedoen moet word.

Een koue maanlig nag het Leraar Marais oor nat paaie gejaag om my na Nairobi, 200 myl daarvandaan weg te bring sodat ek daar kon treingaan om my volgende bestelling te Mombasa te ontmoet. Om middernag het ons by Equator Siding (Ewenaar Sylyn) 9,009 voet bokant seespieël uitgekóm. Dit is glo die hoogste punt in die Britse ryk waar 'n treinspoor oor die ewenaar gaan, en dit is ook die hoogste pad in Kenia wat oor die ewenaar steek.

Toe die son opkom, kon ons rooskleurige wolke op die blou waters van Elmenteita-meer sien. Later moes ons uitvind dat dit duisende der duisende flaminke was wat die waters so versier het.

Eindelik het ek weer by Malindi, sesonderd myl daarvandaan en sewentig myl van Mombasa aangekom. Daar waar ons die Indiese Oseaan kon hoor bulder, het ons nog 'n kampvergadering gehou. Leraar W. K. Mansker en sy eggenote het daardie mense lief, en hulle is gewillig om groot opofferings vir hulle te maak. Na die toewydingsdiens waar Joh. 3:16 in elf verskillende tale opgesê is, is agt persone gedoop. Nadat ons hulle tot lidmaatskap verwelkom het, en 'n afskeidsdiens gehou het, is ons na Ukamba, 500 myl daarvandaan. Terwyl ons daar langs die kus wegery het en die gebulder van die see nog kon hoor, het ek weer gedink aan die honderde mense wat *Akasante sana* (baie dankie) sê. Die Here was goed vir ons, en Hy het baie ryke seëninge op ons uitgestort.

Op weg na die Ukamba-stamme het ons by Changamwe Sendingstasie ses myl van Mombasa en ook by Karura Sendingstasie naby Nairobi aangegaan. By laasgenoemde plek het ons Leraar W. S. Raitt en sy eggenote ontmoet. Daarvandaan het ons dan 500 myl verder gegaan.

Eindelik was dit alles afgehandel. Ek het seskeer oor die ewenaar gestee, en my horlosie sewekeer verstel. Die reis het sowat 13,500 myl in beslag geneem en is per trein, bus, rivierboot, stoomskip op die meer, motorwaens en trokke, per motorkar en te voet afgelê. Ek het in die noordelike halfmond een-en-twintig preke gelewer, en in die suidelike halfmond drie-en-veertig. Eindelik het ek in 'n Viking vliegtuig geklim om terug te keer na Johannesburg. Die hoogste berg in Afrika, Kilimanjaro, het my vriendelik groettoe en in die verte verdwyn toe ek op my gemak gaan sit het om te dink. In die geestesoog sien ek weer 18,000 natuurlehande omhoog wat aandui dat hulle groete stuur aan hulle mede-gelowiges op ander plekke. Die Skrifte is waar: „Kus sal haastig sy hande uitsteek na God.”

Ek was op weg na my huis, en ook op weg na die hemel. Ek het saggies begin te neurie:

„Gaan my nie verby, o Heiland,

Neig U oor tot my!

Wyl U ander seën, Heiland,

Gaan my nie verby!”

□ □

Die Stem-van-Profesie

Soos gewoonlik is ons baie besig in die Stem-van-Profesie kantore. Namate ons werk toeneem, vind ons dit al moeiliker om die daaglikse program te behartig. Om maar net een voorbeeld te noem: daar is die reusetaak om in aanraking te bly met diegene wat alreeds die gelofte gemaak het om die Sabbat te hou. Daar is tans oor die 3,500 sulke besluite gemaak en die getal neem nog steeds toe. Vanoggend, byvoorbeeld, was daar sowat 40 nuwe besluite op ingestuurde lesse en briewe van die vorige dag.

As gevolg van die besoek wat een van ons werkers bring aan hierdie persone was ons aangenaam verras deur die werklike belangstelling wat daar heers. Broeder J. Bekker is reeds vir 'n geruime tyd besig met die opvolgwerk in die Natal-Transvaal Konferensie. Vereers word net die blanke studente opgesoek. Nadat hy 'n week hier deurgebring het, is ons broeder weg met sowat 500 name en adresse.

In baie gevalle waar ons slegs een persoon se naam op rekord het, is gevind dat 'n hele gesin bereid is om die Here daadwerklik te gehoorsaam. Alreeds het Broeder Bekker 'n aantal beweging om die waarheid voortaan te gehoorsaam en hulle te laat doop. Al sou die aantal sabbatsbesluite nie aangevul word nie, dan sal dit nog waarskynlik twee jaar neem om met almal kontak te maak. Baie van hierdie belangstellendes het alreeds 'n paar jaar gelede te kenne gegee dat hulle die Sabbat wil hou. Die ware toedrag van sake is egter dat meer persone die waarheid aanneem as wat op die huidige besoeklys is. Die dag het sekerlik aangebreek wanneer ons leke in groter getalle van huis tot huis behoort te gaan met hul Bybels in die hand en persone beweging om die boeiende Bybellesse te ondersoek en die waarheid ten volle aan te neem.

In die Westelike Kaapland is Broeder M. van Wyk, van Vredendal, druk besig om op eie onkoste belangstelling in die Stem-van-Profesie te verwek. Onder sy persoonlike bearbeiding is sommige persone alreeds tot die volle lig geleë, terwyl andere wag op die doop. Ook word baie name gewerf vir die gratis Bybellesse.

Ons wil 'n beroep doen op elke blanke kerklid om die grootste poging aan te wend deur van huis tot huis te gaan en tenminste 50,000 name te werf gedurende hierdie en aanstaande jaar. Onlangs het 'n staatsamptenaar in die Verenigde State verklaar: „Dit is baie later as wat julle dink.” Behoort hierdie woorde nie vir ons as waarskuwing te dien dat die tyd werklik ver gevorder is en dat die dae om siele te help voor die genadetyd afsluit, byna verstreke is nie?

Ons het oorfloedige bewyse dat die Stem-van-Profesie Bybellesse alreeds, na vier jaar, 'n groot invloed uitgeoefen het op die Engels- en Afrikaanssprekende bevolking van die Unie. Wanneer 'n mens dan ook besef dat elke student in werklikheid 'n gesin van twee of drie verteenwoordig, dan is dit te verstaan. Die

erns van die tyd dring ons om die volgende leuse na te strewen — wil u ook nie?

Wees hemelklaar hierdie jaar
Miskien is '48 te laat vir ewig.

Moet a.s.b. nie nalaat om vir die Stem-van-Profesie Bybelskool te bid nie en bo alles pleit met u bure en vriende om die lesse te studeer. Ons is besig om 'n omvangryke Duitse Departement in die lewe te roep en indien enige vriende of bekendes die lesse in Duits wil ontvang, stuur dan sonder versuim die name in.

□ □

Kampdienste in Suidelike Niassaland

A. C. LE BUTT

Dit was vir my 'n voorreg om kampdienste op die volgende stasies in Niassaland by te woon: Malamulo, Zomba, Mcere, Tekerani, Matandani, Thambani, en Mbalanguzi.

Op elkeen van hierdie plekke het die rapporte wat gelees is vooruitgang aangetoon. Die dienste is beter bygewoon, daar is meer kandidate gedoop, en daar is groter offergawes gegee. Dit is soos dit behoort te wees; trouens, dit is soos dit moet wees, want Gods beweging sal voorwaarts gaan.

Ek het baie van die natuurskoon van Niassaland gehoor, en met hierdie rondreis is ek oortuig dat wat ek gehoor het nie oordrewe is nie. Ek wil hier 'n paar indrukke weergee soos hulle my opgeval het:

Die lugdiens van Sentraal-Afrika is baie gerieflik ingerig en maak dit moontlik vir die reisiger om binne een dag van die Unie na die hartjie van Sentraal-Afrika te vlieg — 'n afstand wat mens eers nie binne 'n week kon aflê nie. God laat Sy boodskappers toe om gebruik te maak van die mens se uitvindels vir die verkondiging van die boodskap in afgeleë lande. Dit is gewis een van die geriewe wat God sal gebruik om Sy werk spoedig te voleindig op die aarde.

Die goeie invloed van ons sendingstasies en sendelinge word orals in die land gevoel en dit word deur wit en swart gewaardeer. Die Malamulo-sendingstasie staan soos 'n groot bakken van hoop en bemoediging. Mens sidder waar jy die lyding van die melaatses sien, maar aan die anderkant weer gaan jou hart in dankbaarheid tot God uit vir die edele dokters, verpleegsters en sendelinge wat hulle lewens wy om die lydendes te help. Ons Hospitale en melaatsse inrigtings is goed bekend in Niassaland.

Die wurggreep wat towery op die inboorlinge van Suidoos-Afrika het, is byna ongehoorlik. Ondanks jare van opvoeding, beskawing, en die Christelike godsdiens, is die geloof in bese geeste nog baie sterk, veral onder die minderbeskaafdes. Dit is 'n magtige aanroep vir die ligdraers in hierdie sendinggebied. Opvoeding en die lig van die Woord van God is die enigste middels teen hierdie kanker wat aan die siel van die heidene knaag. Opvoeding van die vroue moet sterker aangepak word as in die verlede, want dit is baie belangriker as die opvoeding van die mense. Die vroue is die moeders, en dit is hulle wat die bygeloof moet uitroei waarmee hulle kinders feitlik gebore word.

Eendag eers, wanneer ons die pêrelpoorte van die hemel binnegaan, sal ons ten volle die waarde en selfopofferende diens besef van ons edele sendingwerkers.

Waar is die Berg?

J. J. B. COMBRINCK

Sowat vyftig myl weswaarts van Vryburg in die rigting van Kuruman woon 'n belowende klompie gelowiges op Die Berg. Soos ons gery het, is daar geen teken van 'n berg nie, maar eerder van 'n groot uitgestrekte vlakke. As 'n mens van Taungs se kant af kom, dan sien jy die steiltes wat jy moet opgaan om dan bo-op 'n groot plato of hoogland te kom wat bekend staan as die Ghaapse Berg, of kortweg genoem Die Berg. Dit is gebroke veld, half Kalahari, met wonderbare, sigbare formasies byna soos walle wat opgegooi is, waarlangs of waaronder die sterk onderaardse water loop. En die meeste putte, boorgate en windpompe staan op daardie are, en die water is maar tussen 20 en 30 voet van die oppervlakte af.

Vir die naweek 5 tot 7 September was ons weer op besoek op Die Berg. Vir vier maande het ons vooruit gesien en voorberei vir die dienste en siele voorberei vir die doop tydens die feestelike aldaar. Ons sou ook somer nagmaal terselfdertyd vier.

Op Woensdag het ons van Lichtenburg na Mafeking gereis en al ons geloofsgenote daar besoek. Donderdag het ons onder die Kalahari stofstorms gereis en gelowiges en belangstellendes naby Stella en op Vryburg en omgewing besoek. Vrydag is ons toe vir die naweek na Die Berg, en het Ouma van Wyk daarheen saamgeneem. O, maar sy het dit geniet om saam met ander geloofsgenote die Here te aanbid!

Ons het ons uitrusting en elektriese toebehore en tent saamgeneem en vroeg die Vrydagnamiddag alles agtermekaar gehad vir die dienste asook die doopplek. Toe die son begin sak, het die perdekarre en 'n vragmotor met mense aangekom vir die eertse diens met die aanvang van die Sabbat. Broeder en Suster Celliers en Attie het van Broedersput af alles tesaam oor 'n honderd myl met 'n perdekar gekom vir die dienste. Broeder Ferray Pretorius en sy kinders het met 'n vragmotor meer as 200 myl ver gekom om daar te wees. Ons ernstige gebede was vir Suster Pretorius wat weens siekte moes tuisbly.

Iets wat ons moes leer en in die toekoms sal onthou, is die noodsaaklikheid om sulke samekomstes te reël wanneer daar saans maanlig is. Van die broeders moes saans tot na 12 uur die nag wag vir die maan om op te kom om na hul nabyliggende plase terug te keer vir die nag.

Tant Lenie Brand by wie ons saamkomsplek vir hierdie geleentheid was, het haar baie knap as gasvrou gedra, en ons innige dank vir al haar hulp, liefde, en gasvryheid.

Die gelowiges het weer 'n hele aantal nuwe liedere en koortjies kon byleer, en hulle kan hartlik sing:

„Hul kom aan van oos en wes.”

Die Here het baie naby gekom met die die dienste. Groot oorwinnings is behaal, nuwe besluite geneem, en uitwes het hulle aangemeld om vir die doop voorberei te word. Ons was 33 persone bymekaar en het 'n ge-seënde nagmaal gehad en die namiddag is die doop plegtiglik bedien aan 10 kosbare siele wat al vir vier maande daarvoor wag en voorberei.

Reëlings is tydens die Sondagdienste getref

dat die gelowiges op Die Berg die tweede Sabbat van elke maand bymekaar sal kom vir 'n gesamentlike Sabbatskool met Broeder Horn as die superintendent. (Onthou moet word dat die plase 10 tot 15 myl uitmekaar lê.) En dan sal ons 'n groot gesamentlike diens en nagmaal eenmaal elke ses maande kom waarneem, en terselfdertyd diegene doop wat in-tussen daarvoor voorberei word.

Ons bid en voorberei vir groot dinge in die toekoms op Die Berg. Ons bid die Here vir die nodige leiding en voorligting. Ons innige dank vir almal se hulp, steun, samewerking en gebede om die afgelope dienste en besoeke so geëënd in Christus te gemaak het, en vir grote dinge vir die toekoms. Laat ons waak en bid. Onthou, die koms van onse Meester is voor die deur. Bid vir mekaar!

□ □

Kaapse Konferensie Berigte

Leraar R. Visser sal vroeg in Oktober in die Fichardtsaal in Bloemfontein 'n Engelse poging begin. Die saaltjie is klein, maar is mooi sentraal geleë. Leraar J. M. Staples en Mej. W. Welman sal hom bystaan.

Broeder Russell Staples deel ons mee dat daar ten gevolge van 'n reeks dienste wat onlangs in Aliwal-Noord gehou is, mooi belangstelling ontstaan het. Op Barkley-Oos en op Aliwal-Noord is 'n aantal persone wat binnekort gedoop sal word. Broeder Staples sal Leraar Coetzee bystaan in 'n poging in 'n klein maar belangrike binnelandse dorpie. Mej. S. Britton sal ook met hierdie poging behulpsaam wees.

Op Sondag, 14 Desember, is sewe-en-twintig persone in die Kaapstadse kerk gedoop. Leraar J. van de Merwe en sy medewerkers, Leraar J. M. Staples en Mej. G. Snyman was die laaste tyd baie besig.

Daar is groot belangstelling in Paarl waar Broeder N. J. Josling dienste hou. Hy deel ons mee dat hy groot gehore toespreek en dat 'n aantal reeds die waarheid aanneem.

Vyf persone is onlangs te Kimberley gedoop. Broeder C. S. Pike het opsig oor die werk in Kimberley en in die distrik, en dit hou hom net baie besig.

Gedurende die somervakansie sal twee-en-twintig jongmense van Helderberg binne die grense van die konferensie kolpoorteer. Bid dat die Here hulle werk mag sien.

Die opgawes van die Sabbatskool vir die tweede kwartaal dui aan dat die 1,752 Sabbatskoollede in die konferensie gedurende die jaar vordering gemaak het op geestelike gebied. Die gemiddelde getal wat die les gereeld gestudeer het, het by 108 toegeneem, terwyl die opkoms by drie-en-twintig toegeneem het. Die geestelike lewe van die kerk neem toe.

Ons Strewers sal bly wees om te verneem dat daar gereeld elke jaar in beide die Westelike en Oostelike provinsies Strewerskampe gehou sal word. Daar sal in Maartmaand naby Port Elizabeth 'n kamp gehou word, en in Desember sal daar naby Kaapstad voor-

siening gemaak word vir beide Seniors en Juniors. Ons verwag dat sowat 150 jongmense die kampe sal bywoon. In Paarl en in Bloemfontein is twee verenigings georganiseer sodat daar nou in die Kaapse Konferensie twee-en-twintig verenigings is met 'n totaal van 605 lede. Tydens die Week van Gebed het een-en-dertig jongmense by die doopklasse aangesluit.

Doodsberigte

RABIE.—Martha Maria Susanna, gebore van Niekerk, te Sutherland, K. P. in die jaar 1876, het op 11 September om sesuur v.m. in haar woning te Kerk Plein Paar, stil haar laaste rus ingegaan. Sy het die rype ouderdom bereik van 71 jaar.

Suster Rabie het saam met haar man die waarheid geleer gedurende die poging in Paarl in die jaar 1943. Op 'n Dinsdagaand het hulle die onderwerp oor die Sabbat gehoor en daardie volgende Sabbatdag het Broeder en Suster Rabie gelukkig saam die eerste Sabbat van hulle lewe gevier. In Juniemaand van daardie selfde jaar het hulle saam met 'n groot aantal gelowiges van Paarl hulle Heer en Meester gevolg in die Doop. Onse suster het saam met Broeder Rabie die doopgraf ingestap in die Kaapstadse kerk. Sy het haar Heiland gedien van haar kindsdae af en toe die waarheid na haar gekom het, was sy gereed om in die volle lig van God's Woord te wandel.

Haar lewe was een van onselfsugtige diens tot haar medemens. In die gemeente en in die algemene samelewing was sy altyd gereed om andere te help. Of dit Sabbatskool, Dorkas, Oesinsameling of wat ook was, onse Suster Rabie was altyd gereed om haar deel te doen met 'n glimlag. Nooit het sy gemurmerer nie, maar het altyd die Here gedank vir alles wat Hy aan haar gedoen het.

Op Vrydag namiddag voordat die son onder gegaan het, het ons haar te ruste gaan lê. Eerwaarde Harris van die Paarlse Congregational Kerk het ons sy kerk laat gebruik, terwyl hy en Leraar Fourie my gehelp het met die diens wat gehou is om ons laaste eer aan haar te betoon.

Haar plekkie is leeg in Paarl. Sy rus en ons gun haar die verdiende rus. Ons weet dat sy sal opstaan wanneer die basuin blaas by die eerste opstanding. Ons voel saam met die wat agter gebly het en haar dood betreur, en aan u almal wil ons onse diepe en innige simpatie meedeel. Mag die Here ons almal getrou hou sodat ons haar kan ontmoet in die Opstandingsmore. J. VAN DE MERWE.

OOSTHUIZEN—Suster Cornelia Elizabeth Oosthuizen was twee jaar lank siek. Gedurende die laaste twee dae van haar lewe het sy baie gely. Sy is op 18 September te Johannesburg oorlede en is op 23 September te Potgietersrust begrawe.

Suster Oosthuizen is elf jaar gelede deur Leraar P. A. Venter gedoop. Sy het die hoë ouderdom van 75 jaar bereik. Sy laat vyf kinders na om haar heengaan te betreur waarvan twee reeds Adventiste is.

Ons bied ons innige simpatie aan al die bloedverwante en kinders. Mag die spoedige wederkoms van ons Heer hulle hoop en troos wees. J. M. WESSELS.

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Grove Avenue, Claremont, Cape

Subscription price, 2/6 per annum

MRS. F. VISSER, Jr. _____ Editor
F. G. CLIFFORD _____ Asst. Editor
P. O. Box 6, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION STAFF

C. W. Bozarth _____ President
F. G. Clifford _____ Secretary
E. A. Moon _____ Treasurer
D. A. Webster _____ Assistant Treasurer
M. Robison _____ Field Secretary

DEPARTMENTAL SECRETARIES

C. P. Bringle, M.D., Medical.
J. M. Hnatyshyn, Home Missionary and
Missionary Volunteer.
W. A. Higgins, Publishing.
A. W. Staples, Sabbath School, Religious
Liberty, and Ministerial.
E. W. Tarr, Educational.

Bekledingsdiens te Cradock

W. P. WELMAN

Dit was vol verwagting dat ons ons poging hier begin het. Ons het met verlange uitgesien na goeie resultate. Ons het in Januarie hier begin. In Mei het ons ons eerste Strewers- byeenkoms gehou. Die klasse is goed byge- woon. Dit het stoei gekos om alles eers aan die gang te kry, maar ons het gou gesien dat die jongmense ywerig is, en ons het groot sukses gehad. Leraar Baird het ons op Vrydag 12 September besoek en die klasse ondersoek, en die volgende dag het hy 3 Helpers, 13 Vriende en 2 Makers bekle. Dit was loon genoeg om die stralende gesiggies te sien! Die jongmense is vol ywer, en ons voel seker dat ons Leraar Baird binnekort weer sal uitnooi. Bid vir ons jongmense, dat hulle hul eerste liefde nooit sal verloor nie.

□ □

Ikizu Camp-meeting

(Tanganyika Mission Field)

A pleasant spot beneath the trees on the mission grounds and within the walls of a grass enclosure was the setting for the Ikizu camp-meeting, June 11-14. What could be more conducive to worship than to have the sky as the roof, the ground as the floor, the trees and other things of nature about us, all testifying to the power of the Creator!

Previous to the camp-meeting, a two-day workers' institute was conducted in the Ikizu church. Workers from all of the Tanganyika field, with the exception of Suji Mission, were present. These workers set a goal to win 1,500 souls to the Lord during the coming year.

The camp-meeting that followed was attended by nearly seven hundred people. It was a special privilege to have the help of Elder V. G. Anderson, who has been visiting throughout the Division, at our camp. A good sprinkling of local help was also avail-

able. Brethren H. Robson, F. B. Wells, R. Lindup, and I assisted in the meetings.

Sabbath was a high day in the experience of God's people. After a stirring message, Elder Anderson made an appeal for reconsecration and rededication. It was wonderful to see nearly a unanimous response to the call, and twenty-nine came forward, thus indicating their purpose to join the Hearers' class in preparation for baptism.

We feel sure that all went home spiritually refreshed and with renewed determination to "spend and be spent" in the service of God.

F. E. SCHLEHUBER.

□ □

Utegi Camp-meeting

(Tanganyika Mission Field)

The writer, accompanied by Brother R. Lindup, had the pleasure of attending the Utegi camp-meeting this year. This gathering was for the Luo section of the Utimbaru Mission. The work in this part is going ahead. It is growing so much that we have neither a sufficient number of teachers nor the funds to support them. We therefore rely upon faithful church members to act as unpaid leaders of the various companies which have been gathered out. These men shepherd their flocks, take charge of the Sabbath school, conduct baptismal classes, receive and report tithe and offerings, and seek to win new converts.

At the camp Sabbath school there were 1,000 in attendance—681 adults and 319 children. More were there for the preaching service which followed. Young and old alike were greatly interested in Brother Lindup's flannel-covered board on which he put pictures illustrating his talks. The camp offering amounted to 275/-. Win-One Campaign reports totalled 243 for the year. When the appeal was made at the close of the morning preaching service thirty-four took their stand for Christ for the first time and twelve backsliders started anew. Many more came forward for prayer and a general desire for reconsecration was manifested by upraised hands.

Let us continue to go forward, strong in the strength which Christ alone supplies.

H. ROBSON.

□ □

Camp-meetings in Southern Nyasaland

A. C. LE BUTT

It was my pleasure and privilege to attend camp-meetings at the following missions in Nyasaland: Malamulo, Zomba, Mcere, Teke-rani, Matandani, Thambani, and Mbalanguzi.

At every place the usual progressive report was heard, viz., increases in attendance, baptisms, and camp-meeting offerings, etc. This is how it should be. In fact, this is how it must be because God's movement is onward and upward.

I had heard much about Nyasaland and its beautiful scenery and attractions, and I found that what I had heard was no exaggeration. Here are a few impressions which registered in my thoughts as I travelled to and through Nyasaland:

The Central African Airways, with their

comfortable Lockheed and Dove 'planes, make it possible for a traveller to be in South Africa one day, and the next day to be in the heart of Central Africa, a distance which at one time required a week's travelling. God is allowing His messengers to use the inventive ability of man to speed up the promulgation of the message to far-away lands. Surely this is one of the ways Heaven has of doing a "quick work" in the earth!

The good influence of our missions and missionaries stretches out far and wide and is highly esteemed among both Africans and Europeans alike. Malamulo Mission, the doorway to Nyasaland, stands as a great monument of hope and courage to unfortunate suffering humanity. One's thoughts tremble as one sees the untold suffering of helpless folk, and yet on the other hand one's admiration soars high in thankfulness to God for the noble band of doctors, nurses, and missionaries who are being used by God to ease and arrest disease and suffering. Our hospitals and leper colonies are a legend in Nyasaland.

It is almost unbelievable to realise the vice-like grip that witchcraft has on the native in South East Africa. In spite of years of education, civilisation, and Christianity, the belief in supernatural malignity is still very powerful, especially among the very primitive people.

This is a tremendous challenge to our torch-bearers in these mission lands. Education and the truth of God's word are the only bulwarks against this vigorous vice which is eating into the souls of heathen men and women. Female education must be more strongly promoted than heretofore, because it is more important than male education. The women are the mothers of all people and have the first opportunity of combating and crushing the superstitious sensibilities that seem to be born in the minds of the children.

We will never fully know the true value of missions, the sacrificial service rendered by our noble band of workers, and the rays of hope planted in benighted souls, until we pass through the pearly gates and see those souls saved upon the sea of glass.

□ □

Wanted

S. D. A. for trading station. One who understands natives and cattle; able to speak Xosa language a recommendation. Apply: W. H. Hartley, Komgha, C. P.

For native trading store, single S.D.A. man. Applicant must hold motor-car driver's licence. Apply, stating age, to: W. J. Hartley, Peninsula Farm, P. O. Komgha.

Young lady interested in nursing, Sabbath privileges given. For further information regarding salary, etc., write: Sister R. Renou, Alexandria Nursing Home, Alexandria, C. P.

□ □

Farm Home

A rent-free farm home is offered to S. D. A. couple, or single person, in exchange for light supervising duties. Enquiries to: Ingle, Rosetta, Natal.